## Lesing 28.03.2018 - DEEL 3 - Dogter van Sion - Is daar nog so `n huis in die RSA?

### Die vrou wat `n Seuntjie baar

40 Weke is ook die tyd wat `n vrou verwagtend is voordat sy geboorte skenk. Dit is ook `n suiweringstyd wanneer `n seuntjie gebaar word, (**Levitikus 12**) en dit was ook 40 jaar wat die Israelse volk gesuiwer was in die woestyn. Ook het ons Verlosser vir 40 dae in die woestyn verootmoedig voordat Hy met Sy drie-en-`n-half jaar getuie-periode begin het.

Ons kan dus hieruit verwag dat die laaste getuie-periode van **Openbaring 12** ook met so `n soortgelyke 40-periode kan afskop. Ons lees in **Openbaring 12** die volgende:

*1 EN 'n groot Teken het in die Hemele verskyn (Aletta se teken/visioen dalk `n teëbeeld of voorskou van die Teken): 'n Vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder Haar voete, en op Haar hoof 'n Kroon van twaalf Sterre; [MattithJaHûW 24:30]*

*2 en Sy was swanger en het uitgeroep in Haar Weë en barensnood (Vergelyk die 40 weke wat `n vrou moet dra)*

*5 En Sy het 'n manlike Kind gebaar, wat al die nasies met 'n Septer van Yster sou regeer; en Haar Kind is weggeruk na die Elohim en Sy Troon.*

*6 En die Vrou het na die wildernis gevlug waar Sy 'n plek het wat deur die Elohim gereed gemaak is, dat hulle Haar daar sou onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank.*

Wanneer hierdie gedeelte saamgelees word met gedeeltes uit **Jesaja 66**, sien ons die volgende ooreenkomste:

*7 Voordat Sy Weë gekry het, het Sy gebaar; voordat smart oor Haar gekom het, is Sy van 'n seuntjie verlos. [2 ShemuEl 1:28; 2 Konings 4:17; JeshaJaH 65:9; Openbaring 12]*

*8 Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Sal die Aarde op een enkele dag geboorte skenk? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want **Sion het Weë gekry**, meteens Haar kinders gebaar.*

*9 Sou Ek naby die geboorte bring en Haar nie laat baar nie? sê JaHWeH. Of sou Ek wat laat baar, self toesluit? sê jou Elohey.*

*10 Wees bly saam met Jerusalem en juig in Haar, almal wat Haar liefhet! Wees vrolik saam met Haar, baie vrolik, almal wat treurig oor Haar was!*

*11 sodat julle kan suig en versadig word aan die Bors van Haar vertroostinge; sodat julle kan uitdrink en julle verlustig in die volheid van Haar Glansrykheid.*

Die vrou wat dus geboorte gee, se naam is dus Sion. Die manlike Kind wat Sy dus baar, is die Seun van Elohim, JaHWèshua, want Hy word weggeruk na Elohim en Sy troon. Hoe is dit dan moontlik?

### Die Seun wat gebaar word

JaHWèshua is mos al meer as 2000 jaar gelede gebore en hierdie laaste gedeelte van Jesaja en Openbaring dui mos onteenseglik op gebeure wat tog in die toekoms, kort voor die eindtyd moet gebeur!

Hier het ons Hemelse Vader se Gees weereens `n pragtige openbaring gegee en dit is dat dit wél JaHWèshua is wat weer deur die Sionsvolk geestelik gebaar sal word. U sien, die Seun van Elohim is die Woord van Elohim (**Johannes 1:1-14**). Die seuntjie is dus die Woord wat weer gebore sal word, oftewel weer aan Sy volk, Sy huis, gegee sal word. Luister wat sê JaHWeH nog in **Jesaja 66**:

*SO sê JaHWeH: Die Hemele is My Troon en die Aarde die Voetbank van My Voete. Waar is dan die Huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat My rusplek sal wees? [Génesis 1:1; 1 Kronieke 28:2; Psalm 99:5]*

*2 Want My Hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek JaHWeH. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My Woord*

*5 Luister na die Woord van JaHWeH, (die Seun van Elohim) julle wat vir Sy Woord bewe! Julle broers, julle haters wat julle verstoot om My Naam ontwil, sê: Laat JaHWeH eerbaar word, dat ons julle Vreugde kan aanskou! Maar hulle sal beskaamd staan*

Die mees gewyde, afgesonderde (heilige) woorde wat nog ooit in hierdie planeet se atmosfeer uitgespreek was, was die woorde van ons Verlosser, JaHWèshua. Hy sê self die volgende in **Mattheus 24:35**:

*35 Die Hemele en die Aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit verbygaan nie.*

Waar is sy woorde dan?

Die enigste werklik outentieke eerstehandse getuienisse wat ons het, is die boeke van Mattheus en Johannes. Alle ander evangelies is kopieë en berus hoofsaaklik op hoorsê getuienis, alhoewel hulle baie goeie getuienisse is. Johannes sê dat daar soveel gedoen en gesê is deur ons Meester dat selfs die hele wêreld nie die boeke sou kon bevat nie (**Johannes 21:25**).

As ons dus bogenoemde verse uit Matthéüs en Johannes saamlees, beteken dit mos onteenseglik dat Sy woorde wat tydens Sy drie-en-`n-halfjaar getuie periode gespreek het, iewers in bewaring moes gebly het (die hemele volgens **Openbaring 12:5**) en daarna moes dit aan Sy huis geopenbaar word.

(Invoeging 2018)

Noudat ons kan terugkyk, sien ons hoe die Boek van Herinnering (2002 voltooi), 'n geïnspireerde Woord, opgevolg was met die Nuwe Openbaring van Jakob Lorber, Bea Dudde, ander Duitse profete en verskeie boere-profete en profetesse wat gedurende die jare 2003 tot 2016 ontvang is.

**(Word vervolg)**